# Gebedsbulletin
# No. 23 van 2025
## 08 Junie 2025

Deon Serfontein Sel No.: +27 83-288-7555

# Weerspreek God Homself?

Kan God iets totaal anders sê as wat Hy in die Bybel sê? Kan Hy Homself weerspreek? Ek vra dit vir myself af as ek sien hoe dikwels Hy buite verband aangehaal word. Sommiges hou daarvan om slegs een frase of een vers in die Bybel uit die oorspronklike konteks te verwyder en dit dan te hergebruik, soos wat dit hulle pas. Dit gebeur gereeld met tekste, soos Jeremia 29:11, Romeine 8:28 en baie ander. Toe ek dit een keer gewaag het om vir iemand te sê hy haal 'n Bybelvers totaal uit verband aan, was sy antwoord dat die Gees hom gelei het om daardie teks so te verstaan. Toe ek waag om te sê God kan Homself tog nie weerspreek nie, was ek skielik die een wat in die Gees se pad staan.

Ons is gou-gou op die agtervoet as mense ons uit konteks aanhaal. Wel, dan moet ons nog meer ontsteld wees as hulle dieselfde met God se Woord doen. Hy kan tog nie vandag iets anders sê of bedoel as wat Hy in die Bybel gesê en bedoel het nie. Ons moet oppas dat ons nie God in ons eie diens probeer neem nie. Hy is eerlikwaar nie ons agterna-prater nie. Dit is andersom. Ons moet Hom rég hoor. Ons moet Hom rég aanhaal. Ons moet rég oor Hom praat. Anders laat ons die Bybel buikspreek. Ons hanteer die Woord reg, as ons Bybelverse binne die konteks van elke hoofstuk lees waarbinne hulle voorkom. En as ons elke hoofstuk lees binne die konteks van daardie Bybelboeke, waarbinne hulle voorkom. En as ons heel eerste vra wat ons in elke vers en hoofstuk en boek oor God leer. Dan eers pas ons dit op onsself toe. Harde werk, of hoe? Inderdaad, maar dit is tog nie die punt nie. Dit gaan oor wat rég is. Dit gaan oor God se eer as ons die Bybel bestudeer.


***deur Stephan Joubert***

## Gemeente – Algemeen

- -Dank GOD vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
- -Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
- -Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

## Voorbidding vir lidmate

Lottie Conradie
Johnny Viviers
Annie Brink
Annika Kilian
Leonie Kruger
Jillian Jansen
Tannie Rina vd Vyver
Rudi Kruger
Carin Wilsenach
Anna Chandler
Hannah Bylsma
Tannie Charmaine Venter
Oom Andrew Oosthuizen
Spokie Vorster
Pierre Pienaar
Theo Prinsloo
Juanita Rossouw
Marelize Harrison
Marcel Holtzhausen
Oom Thys van Tonder
Oom Hercules vd Merwe
Hennie Coetzee
Natasha Stols
Judy Roux
Oom Monty Pienaar




<u>***Byvoorbaat baie dankie vir jou dankoffer . . .***</u>
**ABSA Sasolburg; Tjek Rekening**
**Rekno.: 0520580654**
**Takkode: 632005**

## Dank Gebede



-Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk

-Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan die houtkruis te sterf

-Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd saam met my die pad loop!

-Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.

- Dankie vir U ***wondergroot genade***...

- HERE, ek het U lief! AMEN




## Gedagte vir die week

